



MONTAGU

LAERSKOOI • PRIMARY SCHOOL

LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

15 Maart 2021

OB 5 2021 – Algemene ouerbrief

Beste Ouers

Die kwartaal vorder teen rasse skrede. Deurlopende assessering vind plaas en die gr. 4-7 leerders doen gereelde assesseringstake, wat toetse insluit. Help asb. u kind om voor te berei hiervoor.

Die instandhoudingsprojek by die skool word gedoen deur die WKOD, Departement Openbare werke en 'n privaatkontrakteur deur die departemente aangestel. Hulle gaan hierdie week begin om die saal se dak te vervang, weens verskeie lekplekke en ander foute. Dit sal waarskynlik Woensdag of Donderdag begin. Die dak word verwyder deur 'n geregistreerde maatskappy wat spesialiseer in hierdie tipe werk. Daar is apparaat binne die saal wat deurentyd die asbesvlakke monitor. Daar sal ook deurlopend mense wees wat die vordering monitor. Ek is verseker dat die metode waarop hulle werk, geen gevaar vir leerders en personeel inhou nie. Die gr. 7S klas wat in die klas aangrensend aan die vierkant is, word geskuif na 'n ander klas. Die kunsklas word nie gebruik nie. Die vierkant word afgesper en gesluit vir gebruik. Die gangdeure na die intersenfase wat uitloop in die vierkant word gesluit. Alle gr. 6 & 7-leerders kom die terrein binne / verlaat die terrein deur die skuifhek by die o/13 netbalbaan. Die skool sal deurlopend maatreëls aanpas soos nodig. Sou dit die op- en aflaai van leerders raak, sal u deur die WhatsApp-groepe daarvan ingelig word.

Ons is steeds gebonde aan die regulasies van 1m sosiale afstand binne al die klasse. Hierdie word bepaal deur die huidige Rampbestuur Wetgewing en Covid-19 regulasies, soos gepubliseer in die toepaslike *Government Gazette*. Ons is bewus daarvan dat sommige skole al hul leerders terugfaseer het. Dit is wel moontlik om te doen, indien die sosiale afstand van 1m gehandhaaf kan word, wat ons ongelukkig nie kan doen nie.

Die leerderwerk wat die leerders moet doen op die dag na hul skooldag, is behandel in die klas en is dus nie onbekend aan die leerders nie. Die werk word gegee as huiswerk en/of inoefening. U kan u kind help deur seker te maak hy/sy doen hul huiswerk en is voorberei vir die volgende dag.

Help asb. u kind met 'n roetine op die dag wat hulle by die huis is, sodat hulle 'n spesifieke tyd het wat hulle moet gebruik vir hul huiswerk, inoefening en leerwerk. Die ouer leerders kan reeds hersiening doen van die afgehandelde werk, sodat hulle dit onder die knie het wanneer hulle assessering oor die werk doen.

Sterkte vir die komende week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof



Geborg
deur:

